23 Desember Openbaring 22:6-21; Jesaja 53:1-3

Jesus se geboorte - 'n wondergeboorte

As iemand jou sou vra: Wat is die grootste wonder wat nog ooit plaasgevind het? Wat sal jou antwoord wees? Daar is baie wonders waarna jy kan verwys. Maar seker een van die grootste wonders is dat Jesus, die Seun van God, Self God, Mens geword het.

Dis van hierdie wonder wat die HERE praat as Hy deur die mond van Jesaja sê: "die Dienaar is soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond". Wat kan jy verwag van 'n plant in droë grond? Grond moet nat wees sodat 'n plant kan groei. In droë grond gaan 'n plant stadig maar seker dood, is daar geen lewensmoontlikheid nie. Jesus se koms na die aarde as Mens is soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Nou sê Jesus in Openbaring 22: "Ek is die Wortel (1953-vert), die Afstammeling, die Nakomeling (1983-vert.) van Dawid". Die droë grond is die Plant Jesus se stamboom uit wie Hy gebore is. Kyk hoe lyk sy voorvaders en moeders na die vlees. Abraham - 'n leuenaar omdat hy nie op God vertrou nie. Jakob - 'n bedrieër. Juda - hy pleeg owerspel met sy skoondogter Tamar. Ragab, sy was 'n gesellin. Salomo - hy het afgode aanbid. Jojagin - hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. As dit van mense afgehang het sou Kersfees nooit op die kalender gewees het nie. Die HERE is egter die troue Verbondsgod. Hy doen wat Hy beloof. Daarom is Kersfees 'n fees van verwondering oor God se genade. Ons verwonder ons oor die Plant wat wortel geskiet in droë grond. Mag dié waarheid jou weer in die Kerstyd aangryp.

Sing: Psalm 105:1, 5 Ds. CS. Grobler (Stellenbosch)